Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Maart 2011

Bulletin

Amptelike nuusbrief van Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

OUDITVERSLAG WEER EENS ONGEKWALIFISEERD

TOPVERRIGTING, GROEI ONDER MOEILIKE TOESTANDE

Munisipaliteit Overstrand se 2009/2010-jaarverslag asook dié van OLEDA is tydens die spesiale raadsvergadering van 26 Januarie 2011 deur die Uitvoerende Burgemeester ter tafel gelê, en die groot nuus is dat ons vir die vierde opeenvolgende jaar 'n ongekwalifiseerde ouditverslag ontvang het.

In haar inleiding het Uitvoerende Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie gesê dat dit 'n uitstekende verslag is vir 'n munisipaliteit wat daarin geslaag het om topverrigting en groei onder moeilike ekonomiese omstandighede te toon. Sy het haar voorganger, mnr Theo Beyleveldt wat tydens die verslagtermyn burgemeester was, daarvoor geloof dat hy stelsels en meganismes in plek gestel het om dienslewering en begrotingsimplementering te moniteer en om veranderings tydig te weeg te bring.

'n Jaarverslag is een van die belangrikste rigtinggewende dokumente vir enige munisipaliteit in sy strewe om sy konstitusionele oogmerk te behaal, naamlik om plaaslike gemeenskappe van demokratiese en verantwoordbare staatsbestuur te voorsien.

Beide die verslae vir die munisipaliteit en OLEDA was tot 4 Maart 2011 oop vir kommentaar deur die publiek en ander rolspelers. Die Raad sal die jaarverslag tesame met alle kommentaar en vertoë tydens 'n vergadering oorweeg wat vir 30 Maart 2011 geskeduleer is. Hierdie vergadering sal oop wees vir die publiek.

UITERS DROË TOESTANDE BEVESTIG



Die kaart hierbo wat deur die SA Weerburo uitgereik is, bevestig dat die omgewings van Hermanus en Beaufort-Wes verlede jaar ver onder hul normale gemiddelde reënval ontvang het. Wat vir vanjaar voorlê, is nog duister, maar daar word duim vasgehou dat die La Nina-toestande wat in die binneland geheers het ook vroeg in die winter goeie reënval sal meebring. Intussen word 'n beroep gedoen op inwoners van Groter Hermanus om vol te hou met en selfs te verbeter op hul waterbesparingspogings wat in Desember en Januarie 'n afname in gebruik van 25 persent per maand tot gevolg gehad het.

By die inbedryfstelling van die nuwe elektriese skakelstasie in Gansbaai op Vrydag 28 Januarie was, van links, Theo Potgieter (Kwezi V3), Stephen Muller (Direkteur: Infrastruktuur en Beplanning), Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie, Danie Maree (Gansbaai se elektrisiteitshoof), André Coetzee (Gansbaai Marine), Bertie Ramsauer (Dyer Island Fisheries), Onderburgemeester Pieter Scholtz, André Hugo (Racec) en rdl Andrew Komani.

GANSBAAI SE NUWE ELEKTRIESE SUBSTASIE IN BEDRYF GESTEL

Die nuwe Gansbaai elektriese skakelstasie wat op Vrydag 28 Januarie 2011 deur Overstrand se Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie in bedryf gestel is, is in meer as een opsig 'n monumentale prestasie, het sy gesê.

"Hierdie fasiliteit is 'n monument vir samewerkende staatsbestuur asook vir dienslewering. Staatsbestuur in sy suiwerste vorm is 'n vennootskap tussen diegene wat regeer en diegene in wie se diens hulle is. Dit is nie 'n eensydige affêre nie. En soos ek dit sien, in die geval van Gansbaai se opgeknapte skakelstasie, het alle partye in hierdie ekwasie meer as hul deel gedoen om dit in 'n model van samewerkende staatsbestuur te omskep," het Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie gesê.

Sy het hierna spesifiek verwys na die rolle wat vervul is deur Gansbaai Marine en Dyer Island Fisheries, wat tydens dié geleentheid onderskeidelik deur André Coetzee en Bertie Ramsauer verteenwoordig is.

Onder die ander mense wat die funksie bygewoon het, was Onderburgmeester Pieter Scholtz, Munisipale Bestuurder Werner Zybrands, Raadgewende Ingenieur Theo Potgieter van Kwezi V3, André Hugo van Racec en munisipale amptenare.

Burgemeester Botha-Guthrie het bygevoeg dat Munisipaliteit Overstrand met hierdie nuwe fasiliteit al sy strategiese doelwitte nakom. Gansbaai is 'n belangrike ekonomiese groeipunt en terwyl die res van die wêreld 'n ekonomiese afswaai beleef, is dit met dankbaarheid dat sy kan sê dat die behoefte aan hierdie nuwe elektriese substasie deur volhoubare groei aangevuur is.

Die projek het dit ook vir die munisipaliteit moontlik gemaak om 'n veilige en gesonde omgewing te bevorder. Die ou fasiliteit, wat verlede jaar erg in 'n brand beskadig is, was lankal verby sy rakleeftyd. Met die nuwe fasiliteit het Gansbaai se inwoners en sakelui die gemoedsrus dat hul elektrisiteitsvoorsiening weer eens kerngesond is. Eienskappe wat in die nuwe substasie ingebou is, sal die fasiliteit minder kwesbaar vir brande maak.

Die bydraes wat deur Dyer Island Fisheries en Gansbaai Marine gemaak is, het die munisipaliteit in staat gestel om 'n gebou op te rig wat esteties goed op die oog val en om ekonomiese ontwikkeling te bevorder, het die Burgemeester gesê, en bygevoeg dat dit die munisipaliteit se opregte wens is dat daar in die jare vorentoe op hierdie wedersyds voordelige verhouding voortgebou sal word.

Mnr Stephen Muller, direkteur infrastruktuur en beplanning, het gesê die vorige fasiliteit het die gemeenskap vir vyftig jaar gedien en die belangrikheid van gehalte-vakmanskap bewys. Daar is in 2008 besluit om die fasiliteit op te gradeer en tenders is in 2009 aangevra. Die brand in April 2010 het die projek bespoedig. Die koste van die nuwe substasie het bykans R5 miljoen beloop.

SPOGUITSTALLING DEUR WES-KAAPSE EKO-SKOLE

Overstrand se eko-skole het jou waarlik weer met die louere weggestap: Hulle is nie net as die beste nie maar ook as die grootste nodus in die Wes-Kaap aangewys! G'n wonder die Suid-Afrikaanse Wildlewe- en Omgewingsvereniging (WESSA) het daartoe ingestem dat Overstrand se Bewaringstigting (OBS) vanjaar as gasheer vir die toekenningsgeleentheid kan optree nie, 'n geleentheid wat 29 en 30 April in Hermanus sal plaasvind.

Vanjaar gaan die geleentheid die vorm aanneem van 'n spoguitstalling by die Overstrand-burgersentrum deur eko-skole. Hierdie uitstalling gaan afgevaardigdes van 120 eko-skole, hul eko-skoolkoördineerders en program-vennote van oral in die Wes-Kaap lok.

Afgevaardigdes kan op albei dae uitsien na eko-uitstappies.

Alle Overstranders word genooi om hierdie luisterryke en prettige opvoedkundige geleentheid by te woon. Toegang tot alle aktiwiteite is gratis. Hou die pers dop of besoek OBS se webwerf (www.ocf.co.za).

102 EN STEEDS 'N WARE JINTELMAN

Kleinmond se geliefde honderdjarige Arthur Cowley (links) het onlangs 'n besoek ontvang van Overstrand se Burgemeester Nicolette Guthrie-Botha (middel) en Onderburgemeester Pieter Scholtz (regs) om hom met sy 102de verjaarsdag op 28 Januarie 2011 geluk te wens. Hul geskenk aan hom was 'n ruiker bestaande uit vrugte en Switserse sjokolade. Mnr Cowley was die perfekte gasheer en het sy gaste 'n snytjie sjokoladekoek aangebied, waar-aan almal heerlik gesmul het. Hy het ook aan die Burgemeester 'n koerantuitknipsel gewys waarin die twee van hulle saam op Wapenstilstandsdag laas jaar afgeneem is en waar hy as die oudste oorlewende van die Tweede Wêreldoorlog se Burma-teater vereer is. Arthur het dié besoek ongetwyfeld terdeë geniet. Hy het 'n ongelooflike sin vir humor en het spottenderwys opgemerk dat sy linker knie skynbaar daai oggend beter daaraan toe is nadat hy daaroor gebid het. "Net jammer," sê hy, "dat ek vergeet het om my linker heup in dieselfde gebed te noem."

DIE EKOLOGIE VAN FYNBOS (Deel 2)

Deur Niel Fairall

In dorpe, stede en op plase is fragmentasie die enkel grootste faktor wat fynbos beïnvloed. Op plase word geploeg om landerye of aangeplante weiding te vestig. Die skaal van fragmentasie word bepaal na gelang van die intensiteit van die ingrepe maar is meesal van so 'n aard dat lappe natuurlike veld nog aanmekaar grens en as 'n eenheid bestuur kan word.

In dorpe verhoog die fragmentasie vinnig, en na 'n kort tyd is daar kolle van een of meer erwe wat deur paaie en wonings van mekaar geskei word. Uiteindelik is daar slegs enkele erwe en meentgronde wat redelik natuurlike flora huisves, en bestuur van dié plantegroei vir langtermyn-voortbestaan word moeilik, en gewoonlik kontensieus.

Soos voorheen aangedui, het vuur 'n groot invloed op die flora en is brand die hooftegniek wat as 'n bestuursmaatreël aangewend word. Dit is duidelik dat vuur in 'n beboude omgewing gevaarlik is om te gebruik en ruie ou veld naby wonings meesal nie vir inwoners aanvaarbaar is nie. Daar kan aanvaar word dat geïsoleerde erwe nie gebrand kan word nie en dat die flora dus geleidelik sal verander aangesien baie spesies vuur nodig het om te ontkiem of om te verjong. As aanvaar word dat die erwe metertyd bebou sal word, is dit nie té ernstig nie en kan die erwe sonder vuur as natuurtuine bestuur word.

Meentgronde en natuurreservate wil ons egter so natuurlik moontlik hou en dan word die gebruik van vuur noodsaaklik. Nou kom al die ander faktore, soos seisoen van brand en of dit 'n warm of koue vuur is, in die spel maar waarskynlik die belangrikste faktor is beheer van die brand om dit veilig te kan uitvoer. Die natuurlike brandseisoen is die somer, wanneer dit droog en winderig is en 'n warm, skoon brand bewerkstellig kan word. Dit is egter gevaarlik. Dit is wenslik om 'n groot oppervlak te brand, maar vuur kan maklik buite beheer raak. Dit is onder dié omstandighede beter om 'n kompromie te tref en beheerbare kolle te brand wanneer die veld nat of klam is.

Groot natuurreservate kan in groot blokke gebrand word en die skaal van die vuur sal meer natuurlik wees. Kolbrande is verkieslik in kleiner reservate, soos die Kleinmond-kusreservaat. Die vuur sal koel wees en nie skoon brand nie, maar die beheerbaarheid maak dit veiliger naby huise.

Fynbos-ekologie maak van vuur 'n vereiste en moet dit derhalwe gebruik word, al is dié praktyk hoe omstrede.

SIEL VAN CHOPIN

OAK bied op Donderdag 24 Maart om 19:00 'n klavieruitvoering deur Ching-Yun Hu (tans van München) in die Hermanus-ouditorium aan. Ching-Yun Hu word beskryf as *'sprankelend'* en 'n *'pianis met die siel van Chopin'*. Sy het in 2008 die Arthur Rubinstein Internasionale Meesterskompetisie vir Klavier in Tel Aviv gewen. Sy het op 13 jarige ouderdom haar solo-debuut gemaak en op 16 by die Taipei Internasionale Klavierkompetisie met die silwer medalje weggestap. In 2009 wen sy die 'Concert Artists' Guild International Competition' en slaan so vir haar 'n uitvoering in die Carnegie Hall los! Sy sal werke van Beethoven, Schumann, Schubert en Liszt uitvoer. **Bespreek by Bellini in Hermanus by 028 312 4988. Skakel René du Plooy by 082 940 4238 vir enige verdere navrae.**

O·A·K

GEMEENSKAPSVEILIGHEID

'n Wakende oog oor almal help om misdaad te beperk

Een van die belangrikste aspekte van 'n suksesvolle misdaadbekampingsveldtog is dat mense na mekaar se belange moet omsien. Op Pearly Beach is daar 'n groep toegewyde en dienswillige manne en vroue wat elke nag beurte neem om die dorp te patrolleer.

Alle eiendomme word as die verantwoordelikheid van dié buurtwag beskou, en selfs oor dié met gekoppelde alarms word 'n wakende oog gehou.

In dié stadium bestaan Pearly Beach Patrols slegs uit 'n klein groepie mense, vertel mnr Theo Coetzer, maar hulle slaag daarin om misdaad tot die minimum te beperk.

"Indien inwoners en huiseienaars ons saak wil steun, sal dit waardeer word. Ons benodig nie net finansiële steun nie, maar versoek ook inwoners om by ons aan te sluit om ons span te versterk," sê hy.

Bydraes word verwelkom en kan by die Pearly Gate-winkelsentrum, die restaurant en kroeg bekend as Die Rooibier en by die restaurant bekend as Loko 15 inbetaal word. Regstreekse elektroniese inbetalings is ook moontlik, en in dié verband is die bankbesonderhede as volg: Pearly Beach Patrols, Nedbank Gansbaai, Spaarrekening-nommer 2820001343

Dit is 'n goeie voorbeeld om na te volg, en belangstellendes kan mnr Coetzer by 082 461 8475 skakel om meer inligting te bekom.

Pearly Beach Patrols
pearlypatrols@yahoo.com
Bus/Box 384
Gansbaai
7220

MORELESTANDAARDE-INISIATIEF

Die waarde van verantwoordelikheid

Hoe klink die volgende droom? Die gemeenskap van Overstrand gaan sit rondom 'n vuur en praat saam oor die vraag: Watter soort gemeenskap wil ons wees? Almal lewer insette, en uiteindelik kom ons ooreen dat respek, verantwoordelikheid en omgee deel van ons waardes sal wees. Dit sal 'n reuseverskil maak!

'n Gemeenskap kan net goed saamleef as daar tussen hulle 'n ongeskrewe ooreenkoms bestaan oor wat aanvaarbaar is of nie. Ons noem dit waardes. Ouers leer hul kinders sekere gedrag omdat hulle glo dit pas by die waardes van die gemeenskap waar hulle woon. Hierdie benadering kan net werk as die gemeenskap saamwerk en almal probeer om die waardes uit te leef.

'n Goeie voorbeeld is die samewerking rondom waterbesparing.

Omdat verantwoordelikheid een van ons gemeenskap se waardes is, staan almal saam om water te spaar. Hulle doen dit omdat hulle verantwoordelikheid aanvaar vir die toekoms van die gemeenskap. Kinders sien hoe hul ouers bespaar en leer só verantwoordelikheid by hulle.

Hoe meer mense die waardes begin uitleef, hoe minder wetstoepassers en reëls hoef daar te wees. Mag die waardevolle mense in ons dorpe altyd meer wees as dié wat net vir hulself leef.

Opgestel deur dr Wilhelm Burger. Kontak hom gerus by 083 448 1651 of wb@ngkonrusrivier.co.za as wil saamgesels oor hoe ons verantwoordelikheid as 'n kernwaarde kan vestig.